OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

19/2025 29 Mei 2025

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Leerders van die Moot-omgewing

Ons as gemeenskap het iets besonders – die geleentheid om saam ‘n toekoms van uitnemendheid vir ons kinders te bou, reg hier in ons eie Moot.

Ons weet dat groter skole in ander areas van Pretoria soms as ‘n aanloklike opsie gesien word, omdat daar geglo word dat dit beter blootstelling bied vir akademie, sport en kultuur. Ons glo vas Hoërskool Oos-Moot het die potensiaal om nie net dieselfde nie, maar selfs beter geleenthede aan te bied – *as ons saamwerk*.

By Oos-Moot streef ons daarna om:

- Akademiese uitnemendheid te bevorder deur toegewyde en gekwalifiseerde personeel en ‘n uitdagende, afgeronde kurrikulum;
- Sportprestasies te vier met ‘n sterk fokus op deelname, ontwikkeling en kompetisie, waar elke kind ‘n kans kry om te groei;
- Kulturele hoogtepunte te bereik deur ons leerders se talente, kreatiwiteit en leierskap aan te moedig.

Deur Hoërskool Oos-Moot u eerste keuse te maak, doen ons meer as net om ons kinders in die Moot te hou – ons bou ‘n skoolgemeenskap waar elke kind gesien, gehoor en ondersteun word, waar prestasie nie net vir die enkeles is nie, maar vir *almal*.

Hierdie inisiatief word versterk deur die samewerking van die Oosie Bond, saam met u as ouers, oudleerders en gemeenskapslede van die Moot, om ‘n werklike verskil in ons leerders se lewens te maak en die volle potensiaal van Hoërskool Oos-Moot te ontsluit.

Hou ook in gedagte dat wanneer leerders kies om na groter skole in die ooste van Pretoria te gaan, dit dikwels gebeur dat hulle hulself in groot, mededingende omgewings bevind. Plekke waar dit moeilik kan wees om raakgesien te word en waar hulle soms tevrede moet wees met ‘n plek in die agtergrond of laer spanne, eerder as om uit te blink.

By Hoërskool Oos-Moot glo ons dat elke kind die geleentheid verdien om uit te staan en hul volle potensiaal te bereik. Hier is daar plek vir elke talent, en hier kan jou kind nie net deelneem nie, maar ook *presteer* en uitblink.

Ons nooi elke ouer en leerder uit om saam met ons hierdie pad van groei, trots en uitnemendheid te stap. Kom ons bou Oos-Moot saam tot ‘n *skool van uitnemendheid* – hier in ons eie Moot!

Laat ons ons kinders wys dat hulle nie hoef te gaan soek vir beter geleenthede nie, maar dat hulle dit *self hier by hul eie skool* kan skep.

**Sluit by Oos-Moot aan – vir ons kinders, vir ons skool, vir ons gemeenskap**

Met trots
Me S Theron
HOOF

## BELANGRIKE DATUMS EN KONTAKBESONDERHEDE

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf**.** Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

**BELANGRIKE DATUMS**

- 31 Mei : Sagtebalproewe
- 2 Junie : Gr.8 en 9-eksamen begin
- 5 Junie : Finansies kantoor gesluit vanaf 10:00 (funksie)
- 20 Junie : Kaskar / Warm Hartklop-kuierfees
- 30 Junie tot 11 Julie : Graad 12 Winterskool (verpligtend)

**Kontakbesonderhede van bestuur en graadvoogde**

Kontakbesonderhede is op die skool se webwerf beskikbaar.

## AKADEMIE

### Mei/Junie eksamen

Die eksamenrooster en die eksamenreëlings is op die skool se webwerf beskikbaar

**Graad 8 en 9**

- *Belangrik*: Die graad 8 en 9-leerders gaan **normaal aan met akademiese onderrig tot en met 30 Mei**.
- Vanaf 22 tot 30 Mei verdaag die graad 8 en 9-leerders om 13:00.
- 2 Junie – eksamen begin en leerders is in hul wisselklasse soos onder uiteengesit.
- Meld soggens om **07:25 by die skool aan.**
- Eksamensessies se aanvang word bepaal deur die tydsbestuur van die betrokke vraestel wat op die dag geskryf word.
- Die voorafgaande tyd word aan studie spandeer en leerders moet hul studiemateriaal bring.
- Leerders verdaag om **11:00**.

| WISSELKLAS GRAAD 8 | LOKAAL |
|---|---|
| 8/1 | K47 |
| 8/2 | K46 |
| 8/3 | K45 |
| 8/4 | K14 |
| 8/5 | K15 |
| 8/6 | K16 |
| 8/7 | K17 |
| 8/8 | K18 |
| 8/9 | K19 |
| 8/10 | K20 |

| WISSELKLAS GRAAD 9 | LOKAAL |
|---|---|
| 9/1 | K67 |
| 9/2 | K68 |
| 9/3 | K69 |
| 9/4 | K71 |
| 9/5 | K72 |
| 9/6 | K73 |
| 9/7 | K74 |
| 9/8 | K75 |
| 9/9 | K76 |
| 9/10 | K77 |

**Graad 10 en 11**

- Leerders se sessietye is soos volg:
  - Sessie 1 : leerders meld om 07:25 aan.
  - Sessie 2 : leerders meld om 11:25 aan.
- Leerders tree by die volgende areas aan:
  - Graad 10 : Paviljoen langs die oostekant van die LO-saal
  - Graad 11 : Paviljoen by die Sportkantoor
- Leerders verdaag na afloop van hul vraestel.

**Graad 12**

- Leerders se sessietye is soos volg:
  - Sessie 1 : leerders meld om 08:00 aan.
  - Sessie 2 : leerders meld om 13:00 aan.
- Leerders tree by die volgende areas aan:
  - Graad 12 : Voor die saal
- Leerders verdaag na afloop van hul vraestel.

### Graad 8 tot 12: Afrikaanse taalvraestel – 20 Junie 2025

Hiermee herinner ons u vriendelik daaraan dat daar op **20 Junie** 'n **Afrikaanse vraestel geskryf** sal word. **Alle leerders van Graad 8 tot 12** sal aan hierdie assessering deelneem.

Let asseblief daarop dat daar **alternatiewe reëlings getref sal word vir die Graad 12-leerders wat Ekonomie skryf**.

### RTT/IT EN GASVRYHEID-/VERBRUIKERSTUDIE – JAARLIKSE FOOIE 2025

Ons herinner ouers graag aan bogenoemde vakke se eenmalige, jaarlikse fooi wat betaalbaar is. Dankie aan die ouers wat reeds betaal het. Uitstaande betalings moet asseblief so gou moontlik gedoen word.

| Vak | Bedrag |
|---|---|
| RTT/IT | R100 |
| Gasvryheid-/Verbruikerstudie | R200 |

### Graad 10: Gasvryheidstudie Winterskool 2025

Die doel van hierdie winterskool is om vir die leerders ekstra hulp en ondersteuning te bied wat nodig is om die vakinhoud ten volle te verstaan en hulle te leer hoe om vraestelle korrek te beantwoord, sodat hul eksamenvaardighede verbeter. Hulle kry die geleentheid om vrae te vra, konsepte te verduidelik en addisionele oefeninge te doen onder begeleiding van ons ervare onderwysers. Leerders kies EEN van die sessies wat aangebied word.

| | | |
|---|---|---|
| Datums | : | 1, 8 of 10 Julie |
| Registrasie en betaling | : | Registreer en betaal voor 7 Junie |
| Koste | : | R75 |

ŉ Skrywe met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en op die webwerf beskikbaar. Navrae kan gerig word aan me T Ferreira (t.ferreira@oos-moot.co.za).

### Graad 12 Winterskool

Die winterskool vind gedurende die Junie/Julie-vakansie plaas en is **verpligtend vir alle graad 12-leerders**. Die Winterskoolskrywe is reeds aan die leerders uitgegee en op die skool se webwerf beskikbaar.

## GEDRAGSKODE (SKOOLREËLS): AFWESIGHEID EN VOORKOMS

### Afwesigheid

Die skoolreëls ten opsigte van AFWESIGHEID van leerders is vollediger uiteengesit. (Bladsy 307 in die leerderdagboek − sien hieronder)

7. **Afwesigheid**

Lojaliteit en integriteit vereis dat ŉ Oosie:

- Slegs afwesig is in die geval van siekte of ŉ ernstige, dringende saak;
- Se ouers op die dag van sy afwesigheid sy graadvoog voor 07:00 per e-pos of per WhatsApp in kennis stel;
- ŉ brief van sy/haar ouers bring sodra hy/sy weer skool toe kom (rekorddoeleindes);
- in die geval wanneer hy/sy 3 dae of meer afwesig is, ŉ geldige sertifikaat (medies, hofbevel, begrafnisbrief [nabye familielid]) so gou moontlik, maar nie later as die eerste dag wat die leerder terug by die skool is, by die graadvoog sal inhandig;
- wat gedurende ŉ geskeduleerde toets, eksamen, SBA, PAT of formele assessering afwesig is, ŉ geldige sertifikaat (medies, hofbevel, begrafnisbrief [nabye familielid]) so gou moontlik, maar nie later as die eerste dag wat die leerder terug by die skool is, by die graadvoog sal inhandig;
- se geldige sertifikaat (medies, hofbevel, begrafnisbrief [nabye familielid]) wat tydens **geskeduleerde toets, eksamen, SBA, PAT of formele assessering** ingedien is, sal aandui dat hy/sy nie in staat was om toets te skryf nie. Die vraestel wat nie geskryf is nie, moet so gou moontlik met ŉ sieketoets ingehaal word. Tot tyd en wyl so ŉ sertifikaat voorgelê word, hy/sy nul sal hê op die amptelike puntestaat.
- Die leerder moet self by die betrokke onderwyser uitvind vir wanneer die sieketoets geskeduleer is. Enige verdere probleme word direk met die graadvoog hanteer.
- Leerders sal nie toegelaat word om vroeër of later in die oggend ŉ geskeduleerde toets, eksamen, SBA, PAT of formele assessering af te lê nie;
- Self die skoolwerk wat hy/sy as gevolg van sy/haar afwesigheid gemis het, sal inhaal;
- Wat vir 10 dae of meer, sonder toestemming of kennisgewing afwesig is, besef hy/sy kan van die skoolregister verwyder word en weer aansoek sal moet doen vir toelating;
- Wat ŉ dag voor of van ŉ sportaktiwiteit se wedstryd nie skool bywoon nie, nie die volgende dag aan die wedstryd kan deel neem nie.

ŉ Oosie wat afwesig is sonder ŉ geldige rede, maak hom/haar skuldig aan skoolontduiking.

### Gedragskode - Voorkoms

**Die skool se gedragskode (voorkomsreëls) geld te alle tye – dit sluit eksamens in.**

Ons doen ŉ beroep op ouers om toe te sien dat hul kinders ook tydens die eksamen aan hierdie reëls voldoen, bv. dat seuns netjies geskeer moet wees wanneer hulle eksamen skryf. Ons waardeer ons ouers se samewerking.

## SOSIAAL

### Graad 11-bal

Ons herinner ouers dat die skool hierdie jaar 'n nuwe tradisie vestig, naamlik 'n formele Graad 11-bal.

Datum : 26 Julie
Plek : Hoërskool Oos-Moot skoolsaal
Tyd : 17:30 vir 18:00 tot 22:00
Kleredrag : Formeel (soos vir Valentynsbal)
'n Formele skrywe, met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en is op die webwerf beskikbaar.

## SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van 'n sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

### Belangrike inligting vir sportbyeenkomste te Hoërskool Oos-Moot

**Toegang en toegangsgelde**

- Streng toegangsbeheer sal toegepas word.
- Alle toegangshekke is **KONTANTLOOS.**
- Kaartjieverkope sal slegs by die hekke plaasvind en kan via 'n debiet-/kredietkaart aangekoop word.
- Volwassenes : R20 per persoon
- Voertuie : R30 per voertuig (sluit bestuurder in)
- Leerders in gewone drag : R10 per persoon
- Leerders in skooldrag : GRATIS
- Kinders onder die ouderdom van 12 jaar : GRATIS

### Hokkie

Kontak

Die organiseerder kan per e-pos by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

Kommunikasie

Ouers hoef slegs by die betrokke ouer groep aan te sluit, die spelers het hul eie groepe. Skakel na WhatsApp-groepe

Oefentye

- Die oefentyed tydens die eksamen word aangepas sodat die spelers direk na die sessies begin oefen.
- Die dogters B-spanne is klaar met hulle liga, maar word aangemoedig om steeds te oefen sodat hulle hulle vaardighede kan verskerp.

Wedstryde en programme

| Datum | Span | | | Plek |
|---|---|---|---|---|
| 30 Mei | Northerns liga | : | Dogters vs Curro Hazeldean | Tuis |
| 31 Mei | Noordvaal | : | Seuns vs Zwartkop A | Tuis |
| 4 Junie | Northerns liga | : | Dogters vs Montana A<br>(1ste span se wedstryd kan moontlik skuif) | Tuis |
| 7 Junie | Northerns liga | : | Dogters vs Wonderboom | Tuis |
| 11 Junie | Noordvaal | : | Seuns vs Cornwall Hill College<br>(o.16A en 1ste spanne) | Tuis<br>Weg |

### Oosie-Juniors

Oefening

- 29 Mei : 17:00-18:00.
- 30 Mei : Geen oefening

### Sagtebal

Proewe

Datum : 31 Mei
Registreer NOU vir die proewe met die volgende skakel.

### Rugby

Wedstryde (Program)

Datum : 31 Mei
Teenstander : H/S Zwartkop

## KULTUUR

### Kultuur ouerondersteuningsgroep

Die Kultuurkantoor nooi ouers uit om deel te word van ons kultuurouergroep! As jy 'n passie het vir kultuur en graag wil help met projekte soos die herstel van gordyne in die saal of ander kreatiewe inisiatiewe, sluit gerus by ons aan. Jou ondersteuning maak 'n verskil! Teken in via die skakel.

### Feitevrate

Die Feitevrate nooi alle Oosies uit na ons "quiz night" vasvrakompetisie!

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 25 Junie |
| Tyd | : | 17:00 tot 19:00 |
| Plek | : | Personeelkamer |
| Koste | : | R50 vir 'n span van 4 |

Daar is kontantpryse op die spel, so bring jou algemene kennis en kom geniet 'n heerlike aand saam met die Feitevrate span! Daar is ook pryse vir die *Beste Dressed* span.

### Orkes

Optrede – 31 Mei

| | | |
|---|---|---|
| Plek | : | Laerskool Pierneef Kermis |
| Tyd | : | 10:00 |

## FONDINSAMELINGSPROJEKTE

| Beplande fondsinsamelingsprojekte vir 2025 | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Projek** | **Ten bate van** |
| Mei/Junie | *Firelighter*projek | Krieket/E-sport toere |
| Mei/Junie | *Raffle (Playstation 5, X-box Series X, Gaming PC)* | E-sport toer |
| 20 Junie | Kaskar en Warm Hartklop-kuierfees | |
| 25 Julie | Winterkonsert (Orkes) | Orkes |
| 26 Julie | Gr11-bal | Matriekafskeid 2026 |
| Augustus | *Colour Run* | |
| 12-16 Augustus | Revue | Kultuur |
| 18 September | Knipmes-aand | Sportsentrum |
| 17 Oktober | Lente bal | Kultuur |
| 7 November | Gys Pitzer Gholfdag | Sportfonds |

### E-SPORT "*RAFFLE*"

Ons bied 'n spesiale trekking aan ter ondersteuning van ons E-sportspan, wat van 9 tot 12 Julie 2025 aan die African Gaming Championships in Kaapstad gaan deelneem. Om fondse vir die toer in te samel, het ons besluit op 'n prettige manier om geld in te samel deur middel van 'n gelukkige trekking.

<u>Kaartjies</u>

| | | |
|---|---|---|
| Koste | : | R50 per kaartjie |
| Plek | : | Finansieskantoor of deur die *Raffle* webtuiste skakel of die QR-kode. |

<u>Prys</u>

Die wenner kan kies tussen 'n *PlayStation 5, Xbox Series X of Gaming PC .*

### FIRELIGHTERS FONDSINSAMELING

Hierdie projek is ten bate van die krieket- en E-sporttoere wat later vanjaar plaasvind.

<u>Bestel en betaal só</u>

- Leerders kan pakke (R20 per pak) aankoop by die finansiële kantoor met kontant of kaart.
- Ouers kan 'n EFT doen na die skool se bankrekening.
- Let asseblief op die spesifieke verwysing soos hieronder aangedui (PR381 leerder naam+van - bv. PR381Hnel).

<u>Hoe werk dit?</u>

Tydens die eksamen kan leerders die bestellings tussen 11:00 en 12:00 by T10A (eerste klas langs die Astro) afhaal.

<u>Fantastiese pryse om te wen!</u>

Die leerder wat teen 13 Junie die meeste pakke verkoop het, wen 'n *JBL Partybox Club 120 Portable Bluetooth Party Speaker!*

## KASKAR / WARM HARTKLOP-KUIERFEES

**Kaskar (20 Junie)**

Die kaskar vind (in skooltyd) na afloop van die dag se geskeduleerde eksamen plaas.
Leerders moet asseblief die karkarborgvorms wat uitgedeel is veilig bewaar.
Indien 'n leerder hul borgvorm misplaas, sal 'n polisieverklaring afgelê en ingehandig moet word.

**Warm Hartklop-kuierfees (20 Junie).**

'n Brief met volledige inigting is op die webwerf beskikbaar.

Toegang

| | | |
|---|---|---|
| Algemene toegang | : | R20 per persoon |
| Parkering | : | R50 per voertuig |
| Eie partytjieboks | : | R100 per standaard koelboks |

Kos

| | | |
|---|---|---|
| Sosaties x 2 en paptert | : | R70 per persoon |
| Sop met brood | : | R40 per persoon |
| Spesiale *combo* aanbod (sop, brood, sosaties en paptert) | : | R90 per persoon |

Navrae kan gerig word aan me L Bouwer (kultuur@oos-moot.co.za).

## GELUKWENSE

Baie geluk aan al ons atlete, spelers, deelnemers wat uitstaande prestasies lewer. Jul opoffering, harde werk en deursettingsvermoë word in jul prestasies gereflekteer. Ons Oosies is ongelooflik trots op almal, van die deelnemers tot die presteerders. (*Prestasies word geplaas soos ontvang*.)

**RUGBY:** Die volgende seuns is deur na die Blou Bul proewe wat op 27 Mei teen die Valke op Loftus plaasgevind het.
o.17: MC van Tonder, Riyaan Wilson, Thando Telelo en Brian Jacobs.
o.16: Michael Bhuda, Sinawo Stengana, Tyrese Adams en Calvin Jones.
o.15 Christiaan Nothnagel, Meldon Bredenhann, Wanré Strydom en Jordan Liebenberg.

## BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buiteprestasies ons op ons platforms sal deel. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

Skakels

Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.










## KOMPETISIE

**PicknPay Waverley** het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Daar is geleentheid om in die skool se nuusbrief te adverteer.

- Die nuusbrief word weekliks elektronies, per e-pos via die skool se d6-sisteem, aan die ouers (2200+), personeel (108) en al ons leerders (1500+) gestuur.
- Die nuusbrief word weekliks op die webwerf geplaas waar dit vir die hele jaar beskikbaar is.

Indien u belangstel volg asseblief hierdie skakel vir die pryse en vorm of kontak me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za).




Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum
Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.
Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
Rekeningkunde graad 8 tot 12.
Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding
Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing
Marina Stander - 083 259 8913




TIMBER Ware
INTRODUCING TIMBERWARE
Where nature meets craftsmanship!
We provide
Bulk or smaller quantities available:
• Raw/PAR Timber:
Ash - American 25/38/50mm
White Oak - American 25/38/50mm
Meranti 25/38/50mm
All Brown Kiaat 25/50mm
Rhodesian Teak 25mm
Saligna 25mm
Pine 25/38mm
• Standard Doors
• Standard Door Frames
• Custom Floating Shelves
• Screws, Glue & Silkwood
Gert-Jan / Laurike:
072 383 2628
info@timberware.co.za
49 Eland Street, Unit 17
Koedoespoort
Pretoria




VALLEY
METHODIST CHURCH
ILAN VAN STADEN
IN THE VALLEY
27 JUNE | 18:00 PM
R120.00 PER PERSON
VALLEY METHODIST CHURCH
1017 BEN SWART STREET, VILLIERIA, PRETORIA
MORE INFO
Stephenie: 0827662471
Andrew: 0792814864
Email: stephenie@valleymethodistchurch.co.za

1249 Cunninghamlaan, Waverley
31 MEI 2025
NG WAVERLEY
KUIERFEES
08:00-13:00
ROCOMAMAS
Pap en Kaaiings
Poeding
Thrift
Jaffels
Speletjies
Veiling
Lekkergoed
Putt- putt
Speletjies
Koektafel
Worsbroodjies